# 29 Mei 2023 - Lesing 34 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Eindtydprofesieë en aanmanings – 12/7/57

**NO: 6870** Die verlossingsperiode is nog nie afgesluit nie. Daar is nog 'n kort tydsbestek wat julle mense skei van die laaste werk van vernietiging op hierdie aarde. En julle sou almal nog salig kan word, wanneer julle maar in hierdie kort tydjie My Self (**Die VADER**) in Jesus Christus sou wil herken en erken. Dit hang nogtans af in welke geestestoestand die einde van hierdie aarde, of die einde van julle lewe op aarde julle sal verras. **Want dit sal 'n skielike en onverwagse einde wees** wat vir julle beskore sal wees.

En tog hoef geen mens onvoorbereid te wees nie. Want elkeen sal nog dikwels genoeg hoor wat hulle almal te wagte staan, maar sal dit nie wil glo nie. Elke mens sal dit steeds weer hoor, want ook alle komende wêreldse gebeure is aanwysings en aankondigings van 'n nabye einde.

En net so sal ook alle mense My Stem van bo hoor. Want vir geen mens sal die gebeure verborge bly nie en dit kan vir almal nog 'n laaste aanmaning wees, dat ook vir hulle die einde skielik daar kan wees, soos dit vir diegene sal wees wat aan die natuurgebeure ten offer sal val.

Dit is nog 'n kort tydjie, maar dit sal vinnig verbygaan. Maar dan sal die einde onherroeplik daar wees en die oordeel waar die lot van elke siel afsonderlik beslis sal word. As julle mense julleself maar net met hierdie gedagte vertroud sou wil maak, dat julle self julle toekomstige lot skep. En as julle tog van My sou wil aanneem dat julle julle doel nog maklik sal kan bereik, indien julle maar die kort tyd nog ten volle sal benut, wanneer julle julleself aan My sou toevertrou en bid om My leiding.

**Maar julle luister nie na My waarskuwings en aanmanings nie**. Julle bly onverskillig en laat die onheil op julle afkom, sonder om julle daarteen te beskerm of om dit af te weer. Want julle glo nie. Julle glo My Woorde nie. En anders as deur My Woord kan Ek julle nie in kennis stel van wat gaan kom nie, omdat julle in wilsvryheid die weg na My sal moet vind en omdat julle daarom ook geen duidelike bewys gegee kan word nie.

En die rat van die tyd draai onophoudelik. **Talle mense roep Ek nog weg** en ook dit sou julle mense moet wakker maak uit jul trae voortlewe, wat soos 'n slaap lyk waaruit julle eens skielik wakker sal skrik, maar dan geen tyd meer sal hê om julself nog op die einde voor te berei nie.

Diegene wat slaap wil hulle rus nie opgee nie en hulle sluimering gaan stadig oor in die doodslaap, want hul siele het slegs die dood te wagte, omdat hulle nie die lewe na waarde geskat het om die ewige lewe te verwerf nie.

Die mense verwyder hulleself steeds verder van My, op Wie hulle tog moet afstuur. En aan hulle Goddelike Verlosser dink hulle nog minder. Sy werk van verlossing word heeltemal verontagsaam en My teenstander verkry daarom mag oor die mense wat slegs deur die Een verbreek kan word, **in Wie Ek Myself beliggaam het ter wille van die sondige mensdom.** Maar sonder Hom sal die einde vir julle vreeslik wees, want hulle sal reddeloos aan hul lot oorgelewer wees. Hulle sal geen verlossing kan vind nie, omdat hulle die Verlosser Self verwerp het, omdat hulle nie die weg ingeslaan het na My nie, Wie hulle alleen kan help.

Steeds weer nader Ek die mense in JaHshua die Messias. Steeds weer sal die mense Sy Evangelie te hore kry. Steeds weer sal hulle aangemaan word om hulle uit te spreek vir JaHshua die Messias **en om Sy goddelike leer van liefde aan te neem.** En steeds weer sal van die nabye einde gewag gemaak word. Maar dit sal aan hulle self oorgelaat wees om by Hom aan te sluit en Sy genade aan te neem. Maar sonder JaHshua die Messias **sal hulle die einde nie oorleef nie**. Hulle kan ook nie in die ligryk opgeneem word nie, wanneer hulle sonder Hom vroeër van die aarde weggeroep word nie.

Die einde kom egter onherroeplik. Maar dit hoef nie gevrees te word nie, dit sal nie verskriklik hoef te wees, wanneer die geloof in My Woord die mense ywerig sou aanspoor om aan hulle siele te werk nie. Want dan sou die mens ook die band met My in JaHshua die Messias tot stand gebring het. En die genade van die verlossingswerk sou benut gewees het en sou hulle ook sekerlik rypheid oplewer het, sodat hulle die einde en die oordeel nie hoef te vrees nie. Amein.